

# **KRIGE-BOND**

KONSTITUSIE

Februarie 1976

## KONSTITUSIE VAN DIE KRIGE-BOND

### NAAM

Die naam van die Vereniging sal wees die Krige-Bond en word Hierinlater genoem die Bond.

### DOEL- STELLINGE

Die doelstelling van die Bond sal wees :

- (1) Die bevordering van familie-samehorigheid en sentimente.
- (2) Die stigting en instandhouding van die sosiale en kulturele geriewe vir die lede van die Bond.
- (3) Die nakoming van verpligtinge teenoor die Bund der Familieverbände.

### METODES OM DOELSTELLING TE BEVORDER

- (1) Die sameroeping van gereelde byeenkomste;
- (2) Die registrasie van 'n Krige-familiewapen;
- (3) Die verspreiding van 'n familie-nuusbrief;
- (4) Die uitbouing van 'n familie-argief;
- (5) Lidmaatskap van die "Bund der Familienverbände" in die stamland;
- (6) Die instandhouding van die familieregister.

### TRUSTEES

- (1) Daar sal 'n Raad van Trustees wees swat bestaan uit hoogstens 5 lede, in wie alle bates van die Bond sal vestig.
- (2) Die eerste Trustees sal gekies word op 'n byeenkoms van lede en sal hul amp beklee tot by afsterwe of vrywillige aftrede. Die oorblywende Trustees sal die reg hê om vakatures aan te vul deur lede van die Bond te koopteer.
- (3) Die Trustees sal 'n Voorsitter en Ondervoorsitter van hulself kies en sal 'n Sekretaris vir die Raad van Trustees aanstel, welke Sekretaris nie noodwendig een van die Trustees hoef te wees nie .
- (4) As die Sekretaris nie 'n Trustee is nie , sal hy/sy geen stemreg hê op Trusteevergaderings nie . Die voorsitter van die Trustees sal 'n beslissende stem hê. Twee (2) Trustees sal 'n kworum vir Trusteevergaderings vorm.

### BESTUUR

- (1) Die Bestuur van die Bond sal bestaan uit 'n Voorsitter, 'n onder-voorsitter, Tesourier en drie lede.
- (2) Die Bestuur sal gekies word op 'n byeenkoms van lede en sal diens doen tot die volgende familiebyeenkoms. Die Voorsitter sal op 'n Bestuurvergaderings 'n beslissende stem hê. Vier (4 ) lede van die Bestuur sal 'n kworum vorm.
- (3) Die Voorsitter en Ondervoorsitter sal as dagbestuur optree.
- (4) Die Bestuur sal gereelde familiesaamtrekke reël en die plek, wyse en reëlmaat word aan die oordeel van die bestuur oorgelaat . Een

sewende van die aantal Bondslede sal die reg hê om 'n skriftelike versoek, met motivering, tot die Bestuur te rig dat 'n ledevergadering gehou moet word.

- (5) Die bestuur sal die volgende magte hê :
- (a) om te koop, verkoop, huur, verruil, transporteer en ontvang by wyse van donasies of andersinds, roerende of onroerende eiendom, ingesluit skuldbriewe ,voorrade en aandele ; en om die fondse te belê in Regerings en Munisipale Beleggings, Verbande of Vaste Deposito of andersins in Banke, Bouverenigings of Inrigtings ;
  - (b) om geld te leen met sekuriteit van vaste eiendom en Verbande daarop te registreer ;
  - (c) om in die algemeen te handel met die eiendom en fondse van die Bond vir die voornemens en doel van die Bond ;
  - (d) om aksie in te stel en te verdedig ten gunste van die Bond en vir daardie doel om enige Prokurasies te teken en ten uitvoer te bring ;
  - (e) om die prosedure van 'n Vergadering van die Bond voor te skryf.

#### LIDMAATSKAP

- (1) Die volgende kategorieë van afstammeling van Wilhelm Adolph Krige en sy eggenote Johanna de Villiers van Bosch-en-Dal kan lede van die Bond word :
- (a) Die Krige-gesinshoof (dit sluit outomaties sy vrou en ongetroude kinders onder 18 jaar in)
  - (b) Persone ouer as 18 jaar,wie se vader of moeder deur geboorte 'n Krige is (dit sluit outomaties so'n persoon se eggenoot / te in )
  - (c) 'n Weduwee Krige, al sou sy deur 'n tweede huweliksluiting 'n ander familienaam hê (dit sluit outomaties haar eggenoot in ) .
- (2) Enige van bogenoemde kategorieë het slegs een stem in 'n ledevergadering. Stemreg word beperk tot persone van 18 jaar en ouer . Indien die betrokke lid ( bv. die gesinshoof ) nie teenwoordig kan wees nie, mag sy/haar eggenote/noot wel op 'n ledevergadering stem.
- (3) Lidmaatskap word lewenslank verkry na 'n eenmalige betaling van die gelde soos deur die Bestuur bepaal. Enige toekomstige verhoging van ledegelde moet eers deur die lede-vergadering goedgekeur word
- (4) Die Bestuur sal reël dat 'n lederegister gehou word .

LEDE-  
VERGADERING  
A

- (1) Kennisgewing van vergadering moet minstens 2 maande voor die tyd aan lede verskaf word.
- (2) Indien enige lid per abuis nie kennisgewing van 'n vergadering ontvang nie, sal so 'n vergadering nie ongeldig wees nie.
- (3) 1/7de Van die ledetal sal op 'n ledevergadering 'n kworum vorm.
- (4) Op elke ledevergadering sal 'n Finansiële Verslag van die Bond deur die Bestuur aan die lede voorgelê word .
- (5) Alvorens 'n Raad van Trustees of die Bestuur gekies is, sal op 'n familie-saamtrek van persone wat vir lidmaatskap kwalifiseer 'n Voorsitter gekies word vir so 'n saamtrek, welke saamtrek dan die stigtingsvergadering van die Bond sal wees en waarop die konstitusie van die Bond aanvaar sal word, indien dit deur 'n 2/3de meerderheid goedgekeur word .

ONTBINDING

- (1) Die Bond mag slegs ontbind word op die volgende wyse: -
  - (a) Op 'n besluit van 'n 2/3de meerderheid van lede geneem op 'n ledevergadering spesiaal vir so 'n doel byeengeroep.
  - (b) Op 'n Hofbevel verkry deur enige lid op grond van die nie-funksionering van die Bond deurdat die Bond nie in staat is om sy voornemens of doelstellinge uit te voer nie .
- (2) By ontbinding sal die Bond se bates tot gelde gemaak word deur 'n Likwidateur aangestel deur die lede of die Hof wat die Ontbinding-bevel uitreik, wat ook al die geval mag wees, en die Likwidateur sal met sulke gelde handel soos hy aangesê is deur die ledevergadering waarop die Bond ontbind word, of die Hof wat die Ontbinding-bevel uitgereik het.

ALGEMEEN

- (1) Geen ampsdraer van die Bond sal enige vergoeding ontvang vir sy dienste aan die Bond nie, behalwe dat uitgawes aangegaan in belang van die Bond of lede vergoed sal word en Trustees of Bestuurslede se redelike vervoeruitgawes sal aan hulle terugbetaal word indien dit geëis word.
- (2) Alle bates van die Bond sal gevestig wees in die Trustees van die Bond.
- (3) Indien vir die doeleindes van die handeling met enige Bondbates of om uitvoering te gee aan die magte van die Bond soos uiteengesit in paragraaf 5 hierbo, sal die Voorsitter of die Trustees optree names die Bond.